



**‘n Internasionale naweek van gebed vir kinders in nood
3-4 Junie 2017**

Ons vier 21 jaar

Gebed maak ‘n verskil.

God wil graag hê dat kinders moet bid.

*"Ja, het julle nooit gelees: Uit die mond van kinders en suigeling het U vir U lof berei nie?"
Mattheus 21:16*

Daar is so baie kwessies, veral in die stede van ontwikkelende lande wat kinders en tieners in die gesig staar: uitdagings wat die stabiliteit en liefdevolle gesinslewe, soos deur God bedoel, bedreig. Met die 21ste herdenking van die Internasionale Naweek van Gebed, word u vanjaar uitgenooi om saam met ons 'n miljoen kinders te mobiliseer om te bid en te luister na God. Dit kan tot blywende verandering lei.

Bid saam met ons

Here Jesus,
Help elkeen van ons om kinders op te voed, toe te rus en te bemagtig om deur gebed met U te praat en na U te luister.
Gee vir ons geleentheid om iets van U liefde en krag aan die kinders in ons midde te openbaar.
En mag weerlose kinders deur gebed tot U nader en U aan ander rondom hulle openbaar.
Here, leer ons asseblief bid.
Amen.

**TIEN REDES OM ‘N GELEENTHEID
TYDENS DIE INTERNASIONALE
NAWEEK VAN GEBED TE HOU**

1 Oorsprong

Gebed is waar Viva 21 jaar gelede begin het.

2 Eenheid

Ons kan almal bid, ongeag ons denominasie om ‘n kollektiewe impak te hê.

3 Nederigheid

Dit bring ons in lyn met God se wil.

4 Fokus

Dit gee ons groter bewustheid van die kwessies wat kinders in nood, bedreig.

5 Momentum

Dit kan ons krag en rigting gee vir die jaar wat voorlê.

6 Eenvoudige aksie

Geen formules- ‘n eenvoudige benadering.

7 Seëninge

Mense raak betrokke, meer toegewyd en begin verander.

8 Netwerke

Gebed kan netwerke vestig en uitbrei.

9 Uitstuur

Laat kinders ons lei!

10 Mobiliseer, inspireer, bemagtig

Om gehoorsaam te wees soos God ons lei.

KERNBYBELVERSE

Jesus was êrens op 'n plek besig om te bid. Toe Hy klaar was, sê een van sy dissipels vir Hom: “Here, leer ons bid, soos Johannes ook sy volgelinge geleer het.”
Lukas 11:1

Kinders en suigeling besing die magtige werk wat U tot stand gebring het. So word u teëstanders, die vyande en wraakgieriges, tot swye gebring.
Psalm 8: 3

Moenie te gou praat nie, moenie oorhaastig 'n belofte aan God maak nie, want Hy is in die hemel en jy op die aarde. Laat jou woorde daarom min wees
Prediker 5: 1

Daar is baie wierook aan hom gegee om dit saam met die gebede van al die gelowiges op die goue altaar voor die troon te offer. Die rook van die wierook wat deur die engel geoffer is, het saam met die gebede van die gelowiges opgestyg voor God.
Openbaring 8: 3b, 4

Die Here het gekom en gaan staan en soos die vorige kere geroep: “Samuel, Samuel!” En Samuel sê: “Praat, Here, u dienaar luister!”
1 Samuel 3: 10

Maar wanneer jy bid, gaan na jou kamer toe, maak die deur toe en bid tot jou Vader wat jy nie kan sien nie. Jou Vader wat sien wat verborge is, sal jou beloon.
Mattheus 6: 6

WAT KAN JY DOEN?

Voorbeelde van gebedsgeleenthede in die afgelope paar jaar:

Italië: 'n geleentheid waar kinders vas en mars deur die dorp, waar hulle gebede, lofsang en gedigte ten toon gestel word.

Oxford, die Verenigde Koninkryk: 'n Sondagaand diens met gebedstasies (wat verband hou met plaaslike projekte, Sirië / Libanon, Gaza en kindersoldate) en kinder-aktiwiteite tydens die diens, wat 'n oordenkingsvideo insluit.

Kansas, VSA: 'n skoolgeleentheid vir 'n 100 kinders vanaf voorskools tot graad 8 met gebedstasies, student-begeleide aanbidding, aanbidding van die Internasionale Naweek van Gebed (met foto's en skyfies) en gesamentlike gebed.

Mwanza, Tanzanië: 'n Dag van gebed insluitend 'n ete, 'n optrede deur 'n kinderkoor, kinder-drama en groepsgebede, alles georganiseer deur die kinders.

Guduru, Indië: gebede, 'n kerkdiens en 'n projek: 'n maaltyd na die Sondagdiens in die kinderhuis in die arm buurt waar die kerk gebaseer is, waar skenkings vir die verbetering van die kerk en om meer mense te voed, ingesamel word.

Wan Chai, Hong Kong: oordenking en gebede vir kinders, 'n gemeentediens, verspreiding van die boodskap deur die Viva skakel.

Zimbabwe, Harare: Kinders bid Saterdag tuis en dan saam in die kerk op Sondag.

Gaan na www.worldweekendofprayer.com vir meer besonderhede oor ons hulpbronne, insluitend:

- 'n aanlyn-opleidingsprogram wat kerkleiers en jeugwerkers toerus om kinders te leer bid en te luister na God.
- 'n geïllustreerde kindergebedsboek wat kindersketse, wat die verhaal van Hanna uitbeeld asook prente van kwessies wat kinders in die gesig staar, insluit.
- 'n virtuele gebedsruimte waar kinders in die weke voor en na die gebedsgebeurtenis, gebede en prentgebede kan oplaai.

Sluit aan by ons Facebook-blad by facebook.com/WWPrayer om te sien wat ander doen.

Die Internasionale Naweek van Gebed is 'n wêreldwye inisiatief wat jaarliks plaasvind tydens die eerste naweek van Junie om sodoende duisende kinders en volwassenes van meer as 40 lande te verenig.

Viva is 'n internasionale Christelike liefdadigheidsorganisasie wat blywende verandering in die lewens van kinders inspireer deur die krag van gesamentlike optrede in 37 gemeenskapsnetwerke wêreldwyd.

powered by
viva
together for children